

Gestremdheidsreg: Die Suid-Afrikaanse posisie en die historiese verloop van die inkorporering van die Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede

Ilze Grobbelaar-du Plessis

Ilze Grobbelaar-du Plessis, Departement Publiekreg, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Die artikel gee 'n oorsig van die afgelope 30 jaar sedert die totstandkoming van Suid-Afrika se demokratiese bestel en bespreek die historiese ontwikkeling binne die regering om in die regte van persone met gestremdhede te voorsien.

Nieteenstaande die grondwetlike hervormings sedert 1994, en die feit dat Suid-Afrika die Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede byna sewentien jaar gelede bekragtig het, is die verdragsverpligtinge van die Konvensie steeds nie in nasionale wetgewing opgeneem nie. Dit beteken dat die Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede kragtens artikel 231 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 nog nie regsrag in die Republiek verkry het nie.

Nadat die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie opdrag gegee het om die inkorporering van die Konvensie in Suid-Afrikaanse reg te ondersoek, het die Regshervormingskommissie in sy Besprekingsdokument ("Discussion Paper") van 1 Oktober 2024 'n nuwe Konsepwetsontwerp voorgestel. Om die regshervormingsproses te bespoedig, het die Kommissie die Konsepwetsontwerp getiteld die "Bevordering van Gelykheid en Beskerming teen Diskriminasie van Persone met Gestremdhede" vir openbare beraadslaging en kommentaar voorgelê. Hierdie Konsepwetsontwerp is as 'n bylae tot die Besprekingsdokument aangeheg vir publieke insette en oorweging.

Die voorgestelde konsepwetsontwerp deur die Kommissie verteenwoordig 'n beduidende stap om te verseker dat Suid-Afrika se regstelsel strook met internasionale standaarde en verdragsverpligtinge soos uiteengesit in die Konvensie, en dat die regte van persone met gestremdhede ten volle beskerm en verwesenlik word. Dit verteenwoordig 'n belangrike stap in die proses om die Konvensie regsrag in die Republiek te gee en dit kragtens artikel 231 van die Grondwet in nasionale wetgewing te inkorporeer.

Trefwoorde: Besprekingsdokument No. 163 oor Projek 148; gestremdheidsreg; Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede; mediese model van gestremdheid; menseregte model van gestremdheid; persone met gestremdhede; sosiale model van gestremdheid.

Abstract

Disability law: The South African position and historical course on the incorporation of the Convention on the Rights of Persons with Disabilities

Establishing a disability program within the Reconstruction and Development Program (RDP) in 1995, represented a turning point for South Africa's approach to disability rights. This initiative acknowledges the importance of integrating disability considerations into broader societal development and lays the foundation for future reforms. In 1997, the creation of the Office on the Status of Disabled Persons (OSDP) further institutionalised these efforts.

The guiding framework for the OSDP's activities was the White Paper on the Integrated National Disability Strategy (INDS), which represented a significant shift in how disability was conceptualised. Moving away from the traditional medical model of disability, which viewed disability primarily as an individual health issue, the INDS embraced a social and human rights-based model of disability. This new approach recognised that it was not the impairment itself that marginalised persons with disabilities, but societal barriers and attitudes. The INDS was aligned with global trends and frameworks such as the United Nations Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities (1993) and the World Program of Action concerning Disabled Persons. Through the INDS, South Africa positioned itself in step with international human rights norms.

Despite the initial promise of progressive policies, the formal approval of the National Disability Policy Framework did not occur until 2008, more than a decade after the adoption of the INDS. This delay highlighted the persistent gap between policy development, legislative reform and practical implementation, a challenge that would continue to affect the disability rights landscape in South Africa. Following the general election of 2009, the responsibilities of the OSDP were absorbed into the newly established Department for Women, Youth and People with Disabilities.

Nonetheless, South Africa continued to demonstrate its commitment to the rights of persons with disabilities, as reflected in the ratification of the United Nations Convention on the Rights of Persons with Disabilities (CRPD) and its Optional Protocol in 2007. However, the organisational restructuring of the newly established Department of Women, Youth and People with Disabilities, also created delays and challenges in meeting international reporting deadlines in terms of the CRPD. Under the CRPD, South Africa was required to submit its first report to the Committee on the Rights of Persons with Disabilities on progress toward implementation by 2010. However,

capacity constraints and internal government restructuring delayed this submission until 2014. When it was finally submitted, the report detailed South Africa's advancements in disability rights, while also highlighting persistent gaps in legislative and policy frameworks.

The South African government sought to reinvigorate these efforts with its White Paper on the Rights of Persons with Disabilities in 2015. Its primary goal was to accelerate the transformation toward full inclusion and equal treatment of persons with disabilities. The White Paper emphasised the importance of aligning South Africa's national development plans with the United Nations' Sustainable Development Goals (SDGs), particularly aiming to integrate disability-inclusive development strategies into all aspects of policymaking and national planning.

By 2018, South Africa's initial report on the implementation of the CRPD was reviewed by the Committee on the Rights of Persons with Disabilities. The Committee acknowledged South Africa's progress, but expressed concerns about the slow pace of reform and the need for further harmonisation between national disability laws and the human rights model of disability set forth by the CRPD. The Committee also urged South Africa to strengthen its monitoring mechanisms, improve coordination within the disability sector and enhance legal protection against discrimination.

Despite the constitutional changes since 1994 and the significant developments in disability rights, neither the White Paper nor the treaty obligations of the CRPD had been fully reflected in South Africa's legislation by 2018. In response, the South African Law Reform Commission (SALRC) was formally requested by the Department of Justice and Constitutional Development to investigate the incorporation of the CRPD into South African law. Following this request, the SALRC launched a comprehensive investigation, culminating in the publication of its first report, an Issue Paper on Project 148 and the Domestication of the CRPD, in December 2021.

The SALRC's investigation into the incorporation of the CRPD presented two primary approaches: amending existing legislation or creating new, comprehensive legislation. While the SALRC considered amendments to existing laws such as the Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000 and the Employment Equity Act 55 of 1998, it concluded that a holistic approach would be more effective. Piecemeal amendments to existing legislation to incorporate the CRPD, risked creating contradictions and incomplete protection for persons with disabilities. It proposed a framework act that would provide a more comprehensive solution, ensuring that the rights of persons with disabilities are fully protected and promoted.

To advance the legal reform process, the SALRC formulated a final position on the necessary reforms in its Discussion Paper which was made available to the public for comments on October 2024, and attached a concept Draft Bill inviting public deliberation and comment on the proposed legislation.

The Draft Bill, titled 'The Protection and Promotion of Persons with Disabilities', provides a legal framework for the implementation of and establishment of legal protection for persons with disabilities, ensuring that their rights are upheld and that discrimination is prevented across all sectors of society.

The Draft Bill is structured around four chapters, each addressing different aspects of disability rights. It provides for the establishment of government focal points and independent monitoring bodies, as required by the CRPD. It also mandates that all sectors of society, including healthcare, education and employment provide reasonable accommodations for persons with disabilities. The Bill emphasises the importance of equality, dignity, accessibility and inclusion, aligning with both South Africa's constitutional principles and its international obligations under the CRPD.

In conclusion, South Africa has made significant strides in promoting the rights of persons with disabilities. From the establishment of the OSDP and the adoption of the INDS in the 1990s, to the ratification of the CRPD and the development of the 2015 White Paper, the country has demonstrated a commitment to disability-inclusive development. However, challenges remain in fully implementing and monitoring these rights. The proposed Draft Bill by the SALRC represents a major step toward ensuring that South Africa's legal framework aligns with international standards and that the rights of persons with disabilities are fully protected.

This further represents an important step in the process of giving legal force to the CRPD in the Republic and incorporating it into national legislation when it becomes law in the Republic in terms of Section 231 of the Constitution. However, continued efforts are required to strengthen national monitoring mechanisms, and improve coordination with implementation to ensure the full inclusion of persons with disabilities in all aspects of society.

Keywords: Convention on the Rights of Persons with Disabilities; disability law; Discussion Paper No. 163 on Project 148; human rights model of disability; medical model of disability; persons with disabilities; social model of disability.

1. Inleiding

Weens 'n wêreldwye reaksie op die realiteit dat die bestaande menseregteverdrae nie die beskerming van die regte van persone met gestremdhede volledig aangespreek het nie en 'n besef dat meer as 650 miljoen mense met gestremdhede se basiese menseregte ontsê word,¹ is 'n omvattende en bindende internasionale ooreenkoms, die Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede (Konvensie oor Gestremdheid)² en sy Opsionele Protokol, deur die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering op 13 Desember 2006, aangeneem.³ Die Konvensie bemagtig persone met gestremdhede om hul regte ten volle te geniet en hul deelname aan alle fasette van die lewe te verseker.⁴ In hierdie verband stel die Konvensie die verpligtinge van staatspartye duidelik om die gelyke genot van menseregte te respekteer, verseker en verwesenlik.⁵

Suid-Afrika het die Konvensie oor Gestremdheid sowel as sy Opsionele Protokol reeds op 30 Maart 2007 onderteken, en daarna op 30 November 2007 beide die Konvensie en sy Opsionele Protokol bekragtig.⁶ Dit beteken dat die verpligtinge daarvan in Suid-Afrika se nasionale regsraamwerk, ontwikkelingsbeplanning en begroting, asook in verwante beleid neerslag moet vind.⁷ Dit geskied deur die werking van artikel 231(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (die Grondwet), indien die Konvensie oor Gestremdheid regskrag in die Republiek verkry wanneer dit as nasionale wetgewing verorden word.

Alhoewel daar 'n grondwetlike verbodsbepaling teen onbillike diskriminasie op grond van gestremdheid in artikel 9 van die Grondwet bestaan,⁸ en beskerming, weliswaar gefragmenteer, in 'n aantal wette aan gestremdes verleen word,⁹ beteken dit nie dat persone met gestremdhede se regte verseker en verwesenlik word nie. In praktyk geniet persone met gestremdhede (alhoewel hulle teoreties dieselfde regte as nie-gestremdes het) nie dieselfde regte as ander mense nie.¹⁰ Die rede hiervoor is dat hulle behoeftes in vele opsigte nie vergelykbaar is met die van ander persone van ons samelewing nie.¹¹

Bykans sewentien jaar nadat Suid-Afrika die Konvensie sowel as sy Opsionele Protokol bekragtig het, is nóg die Konvensie nóg die Opsionele Protokol tot die Konvensie in die Suid-Afrikaanse reg geïnkorporeer. Dit beteken dat die Konvensie oor Gestremdheid en sy verdragsverpligtinge nog nie regsrag in die Republiek verkry het nie. Dít geskied eers wanneer die Konvensie oor Gestremdheid kragtens artikel 231(4) van die Grondwet in nasionale wetgewing verorden word. In Deel 2 skets die artikel die historiese verloop as agtergrond, en verskaf moontlike redes waarom die Konvensie nog nie in die Suid-Afrikaanse reg opgeneem is nie. Daarna volg 'n oorsigtelike ondersoek oor Suid-Afrika se algemene verdragverpligtinge tot die Konvensie in Deel 3. Dit is belangrik om hierdie verdragsverpligtinge na te gaan, aangesien Suid-Afrika as staatsparty hieraan gebonde is. Deel 4 werp lig op die moniterings- en implementeringsliggame wat die Konvensie op nasionale en internasionale vlak skep, ten einde te verseker dat 'n staatsparty sy verpligtinge nakom. Wanneer die verdragsverpligting in Suid-Afrika se eerste omvattende verslag wat aan die Komitee oor die Regte van Persone met Gestremdhede (VN Komitee) voorgelê is,¹² asook die VN Komitee se aanbevelings en gevolgtrekkings (“concluding observations”)¹³ ondersoek word, is dit duidelik dat bestaande wetgewing nie aan al die verpligtinge wat deur die Konvensie opgelê word, voldoen nie. Dit beteken dat die Konvensie en al sy verpligtinge nie in die Suid-Afrikaanse reg opgeneem is nie.

Gevolglik het die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie opdrag gegee om die inkorporering van die Konvensie oor Gestremdheid in die Suid-Afrikaanse reg te ondersoek. Deel 5 van die artikel hanteer die kwessie waarin die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie in hul finale standpunt tot die gevolgtrekking kom dat 'n konsepwetsontwerp die volle nakoming van die Konvensie beter sal verseker om uitvoering aan verdragsverpligtinge en artikel 231(4) van die Grondwet te gee.

Die laaste deel gee vervolgens oorsigtelik aandag aan die Konsepwetsontwerp van die Regshervormingskommissie wat saam met die besprekingsdokument (“Discussion Paper”) in Oktober 2024 vir beraadslaging en kommentaar aan die publiek voorgelê is. Die Konsepwetsontwerp oor die Bevordering van Gelykheid en Beskerming teen Diskriminasie van Persone met Gestremdhede is 'n historiese mylpaal vir die Suid-Afrikaanse gestremdheidsektor. Dit verteenwoordig 'n belangrike stap in die wetgewende proses om uiteindelik regsrag aan die Konvensie te gee (wanneer dit as nasionale wetgewing as wet verorden word) en die regte van persone met gestremdhede te verwesenlik, te beskerm en hul volle genot daarvan te verseker.

Aangesien die artikel met die regte van persone met gestremdhede en gestremdheid handel, is dit belangrik om daarop te wys dat definiëring van *gestremd* of *gestremdheid* 'n omstrede kwessie blyk te wees. Die rede hiervoor is dat verskillende interpretasies van gestremdheid bestaan, asook verskillende sienings heers oor watter kategorieë onder die sambreel van gestremdheid val.¹⁴ As omvattende internasionale menseregte-instrument vir persone met gestremdhede, erken die Konvensie oor Gestremdheid in sy Aanhef dat gestremdheid 'n “ontwikkelende konsep” is.¹⁵

Die Aanhef erken dat 'n samelewing en opinies binne 'n samelewing nie staties is nie, en veronderstel 'n dinamiese benadering wat aanpassings oor tyd en binne verskillende sosio-ekonomiese omgewings moontlik maak.¹⁶ “Gestremdheid” self, of “persone met gestremdhede” word egter nie uitdruklik in artikel 2 (Definisies) van die Konvensie ingesluit nie. Artikel 1 (Doel) bepaal egter dat “persone met gestremdhede” diegene insluit wat langtermyn fisiese, geestelike, intellektuele of sensoriese gestremdhede het wat tydens die interaksie met verskeie hindernisse, hul volle en effektiewe deelname aan die samelewing op gelyke basis met ander kan belemmer.

Die volgende deel bied 'n oorsig oor die afgelope 30 jaar na inwerkingtreding van Suid-Afrikaanse demokratiese bestel, en die historiese verloop binne die Suid-Afrikaanse regering om in die behoeftes van persone met gestremdhede se regte te voorsien.

2. Agtergrond

In 1995 word 'n gestremdheidsprogram binne die voormalige Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) in die Presidensie opgestel wat gedurende 1997 tot die Kantoor oor die Status van Gestremde Persone (“Office on the Status of Disabled Persons” of die OSDP)¹⁷ ontwikkel en in die Presidensie vestig. Die OSDP se taak was om seker te maak dat wetgewing korrek en volledig binne die staatsdepartemente toegepas word.¹⁸ So is 'n OSDP op provinsiale vlak binne die kantoor van elk van die premiers van die nege provinsies geskep en munisipaliteite moes gestremdheidseenhede op plaaslike vlak op die been bring.¹⁹

Die Witskrif oor die “Integrated National Disability Strategy” (INDS)²⁰ was die raamwerk van die OSDP se werksaamhede.²¹ Die voorwoord tot die INDS benadruk die fundamentele klemverskuiwing wat sedert die aanname van die Verenigde Nasies se Standaardreëls oor Gelyke Geleenthede vir Persone met Gestremdhede van 1993 (“Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities”)²² en die formulering van die Wêreldprogram van Aksie oor Persone met Gestremdhede²³ ingetree het. Hierdie klemverskuiwing weg van die mediese model van gestremdheid na 'n sosiale model van gestremdheid²⁴ met 'n menseregteperspektief, is soos volg deur die Suid-Afrikaanse regering in die INDS erken:²⁵

Over the past decade, disabled people's organisations all over the world have worked to reposition disability as a human rights issue. The result is a social model for disability based on the premise that if society cannot cater for people with disabilities, it is society that must change. This model requires substantial changes to the physical environment. The goal must be the right of people with disabilities to play a full, participatory role in society.

Die erkenning van dié fundamentele klemverskuiwing was 'n positiewe stap in die regering se benadering tot gestremdheid. Verder moes die INDS-Witskrif die proses in werking stel om persone met gestremdhede by die ontwikkeling van wetgewing en beleid te betrek, en uitvoering aan hul aanbevelings gee.²⁶ Nadat die Suid-Afrikaanse regering die Witskrif in 1997 goedgekeur het,²⁷ moes die OSDP 'n nasionale gestremdheidsbeleidsraamwerk (“National Disability Policy Framework”) finaliseer.²⁸ Dié beleidsraamwerk is eers in Julie 2008, meer as tien jaar later, as amptelike regeringsbeleid deur die Kabinet goedgekeur.²⁹

Intussen het Suid-Afrika die Konvensie oor Gestremdheid en sy Opsionele Protokol³⁰ op 30 Maart 2007 onderteken, en kort daarna, op 30 November 2007³¹ die Konvensie sowel as sy Opsionele Protokol sonder enige voorbehoude, bekragtig.³² Die Suid-Afrikaanse regering moes hierna binne twee jaar nadat die Konvensie op 3 Mei 2008 in werking getree het,³³ sy eerste omvattende verslag by die VN Komitee, via die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, indien.³⁴ Dié verslag moes verduidelik hoe die land se grondwetlike, regs- en administratiewe raamwerk daar uitsien.³⁵ Verder moes die beleide en programme wat geïmplementeer is om die Konvensie na te kom, asook die vordering wat sedert bekragtiging met die uitvoering daarvan gemaak is om die nodige regsbeskerming aan persone met gestremdhede te verseker, in die verslag uiteengesit word.³⁶

Na die algemene verkiesing in Mei 2009, het oud-president Zuma 'n nuwe portefeulje geskep onder die Departement vir Vroue, Jeug en Mense met Gestremdhede.³⁷ Die nuwe portefeulje het veranderinge in organisatoriese reëlings, asook die oorgang van die OSDP in die Presidensie na dié nuwe Departement meegebring.³⁸ Die veranderinge het 'n negatiewe impak op die regering se vermoë gehad om die eerste omvattende verslag aan die VN Komitee³⁹ betyds voor te lê.⁴⁰ Die verslag word uiteindelik in November 2014, via die sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, by die VN Komitee ingedien.⁴¹

In Desember 2015 word die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se beleidsvoorskrifte vir die Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede⁴² deur die Kabinet goedgekeur. Dié Witskrif onderskryf nie alleen gestremdheid-inklusiewe Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte ("Sustainable Development Goals" of SDG's) nie,⁴³ maar poog om die verpligtinge van die Konvensie met die nasionale wetgewende raamwerk en die "National Development Plan: Vision 2030" te versoen.⁴⁴ Die oogmerk van die beleidsvoorskrifte was verder om transformasie en regstelling met betrekking tot volle insluiting, integrasie en gelykheid vir persone met gestremdhede te versnel.⁴⁵ Vir hierdie doel identifiseer die Witskrif strategiese pilare vir die verwesenliking van die regte van persone met gestremdhede.⁴⁶

Ondanks grondwetlike veranderinge sedert 1994 en bovermelde verwickelinge, het nóg die Witskrif nóg die verdragsverpligtinge van die Konvensie teen 2018 in wetgewing neerslag gevind. In dieselfde jaar oorweeg die VN Komitee Suid-Afrika se eerste omvattende verslag en die gevolgtrekkings daarop word op 7 September 2018 deur die VN Komitee aanvaar.⁴⁷ Hierin spreek die VN Komitee sy kommer oor verskeie gestremdhedsaspekte uit, maak aanbevelings betreffende die hersiening van bestaande wetgewing en identifiseer leemtes waar spesifieke regshervormingsmaatreëls ingestel behoort te word.⁴⁸

Benewens oorweging betreffende die VN-komitee se aanbevelings, kom die regering ook voor die uitdaging van artikel 231(4) van die Grondwet te staan. Dit bepaal dat enige internasionale ooreenkoms, soos die omvattende Konvensie oor Gestremdheid, eers regsrag in die Republiek verkry as dit deur nasionale wetgewing (Parlementswet) as wet verorden word. Die gevolg hiervan is dat internasionale verpligtinge wat staatspartye op internasionale vlak bind met betrekking tot die Konvensie oor Gestremdheid, eers in die nasionale regsraamwerk en verwante beleid neerslag vind wanneer dit as Parlementswet verorden word.⁴⁹

Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie doen komplekse en deurtastende ondersoeke waar innoverende grondwetlike hervorming of wetgewende koördinering benodig word. Gevolglik ontvang die Kommissie in 2018 'n versoek van die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling om die inkorporering van die Konvensie oor Gestremdheid in die Suid-Afrikaanse reg te ondersoek.⁵⁰

Die Regshervormingskommissie loods hierna die eerste fase van sy ondersoek wat die vraagstuk en verwante gestremdeidkweessies oorweeg en uiteensit.⁵¹ Die verslag (“issue paper”) oor Projek 148 en die inkorporering van die Konvensie oor Gestremdeid in die Suid-Afrikaanse reg, is op 9 Desember 2021 vir die publiek beskikbaar gestel.⁵² Die kommentaar wat oor die kweessies ontvang is, vorm die grondslag van die besprekingsdokument (“discussion paper”) wat ’n finale standpunt oor regshervorming en ’n konsepwet oor die regte van persone met gestremdeid formuleer. Die langverwagte besprekingsdokument en konsepwetsontwerp word uiteindelik op 1 Oktober 2024 vir openbare kommentaar beskikbaar gestel.⁵³

3. Algemene verdragsverpligtinge van die Konvensie

Die Konvensie verseker dat persone met gestremdeid *alle* menseregte en fundamentele vryhede op ’n gelyke basis met ander op voetsoolvlak geniet.⁵⁴ Vir dié doel verduidelik die Konvensie hoe bestaande menseregte en fundamentele vryhede op persone met gestremdeid van toepassing is,⁵⁵ en sit staatspartye se algemene verpligtinge en pligte in artikel 4 daarvan uiteen.⁵⁶

Dit is belangrik om daarop te let dat Suid-Afrika die Konvensie sowel as sy Opsionele Protokol sonder enige voorbehoude bekragtig het.⁵⁷ Dit beteken dat Suid-Afrika geen verklaring wat die regsgevolge van enige bepaling van die Konvensie uitsluit of verander, gemaak het nie.⁵⁸ Gevolglik is Suid-Afrika as staatsparty aan alle verdragsverpligtinge gebonde.

In die lig hiervan onderneem Suid-Afrika kragtens artikel 4 van die Konvensie om die volle verwesenliking van alle menseregte en fundamentele vryhede vir alle persone met gestremdeid te verseker, en diskriminasie van enige aard op grond van gestremdeid uit te skakel. Meer bepaald onderneem die Suid-Afrikaanse regering kragtens artikel 4(1) om:⁵⁹

- a. alle toepaslike wetgewende, administratiewe en ander maatreëls aan te neem vir die doeltreffende implementering van die regte wat in die Konvensie erken word;⁶⁰
- b. alle toepaslike maatreëls, insluitende wetgewing, aan te neem om bestaande wetgewing, regulasies, gebruike en praktyke wat diskriminasie teen persone met gestremdeid bewerkstellig, te wysig of te herroep;⁶¹
- c. die beskerming en bevordering van menseregte van persone met gestremdeid in alle beleide en programme in ag te neem;⁶²
- d. enige handeling of praktyk wat teenstrydig is met die Konvensie te verhoed, en te verseker dat openbare owerhede en instellings in ooreenstemming met die Konvensie optree;⁶³
- e. alle toepaslike maatreëls te tref om diskriminasie op grond van gestremdeid deur enige persoon, instelling of privaatonderneming uit te skakel;⁶⁴
- f. navorsing en ontwikkeling van universeel ontwerpte goedere, dienste, toerusting en fasiliteite,⁶⁵ te onderneem of te bevorder;⁶⁶
- g. navorsing en ontwikkeling van nuwe tegnologie, insluitend inligting- en kommunikasie-tegnologie, mobiliteitshulpmiddels, ondersteunende of bystandstegnologie wat geskik is vir persone met gestremdeid, te onderneem of te bevorder, asook om die beskikbaarheid en gebruik daarvan te bevorder, met voorkeur aan tegnologie teen ’n bekostigbare koste;⁶⁷

- h. toeganklike inligting aan persone met gestremdhede te verskaf oor mobiliteits-hulpmiddels, ondersteunende of bystandstegnologie, insluitend nuwe tegnologie, asook ander vorme van bystand, ondersteuningsdienste en fasiliteite;⁶⁸
- i. die opleiding van professionele persone en personeel wat met persone met gestremdhede werk, te bevorder ten einde die bystand en dienste wat deur die regte wat in die Konvensie gewaarborg word, te verbeter en te verskaf.⁶⁹

Uit die voorgaande verdragsverpligtinge is dit duidelik dat die inwerkingstelling van die Konvensie 'n omvattende proses is wat voorsiening maak vir alle relevante maatreëls wat in verband met die Konvensie staan.⁷⁰

Alhoewel artikel 4(1) sommige van hierdie maatreëls uiteensit, omskryf artikels 5 tot 30 van die Konvensie die implementeringsmaatreëls wat op spesifieke regte van persone met gestremdhede betrekking het. Dit beteken dat elke spesifieke reg in die Konvensie geraadpleeg moet word om te bepaal watter stappe nodig is vir die doeltreffende inwerkingstelling van die Konvensie. In dié verband verwys artikel 4(1)(a) uitdruklik na wetgewende, administratiewe, “en ander maatreëls” wat getref moet word by die inwerkingstelling van die Konvensie. Dit beteken dat voorsiening gemaak moet word vir 'n reeks implementeringsmaatreëls, soos:⁷¹

- die identifisering van fokuspunte, koördineringsmeganismes en ander instellings binne die regering om implementering van die Konvensie te ondersteun;
- te verseker dat wetgewing en begrotings met die Konvensie bestaanbaar is;
- seker te maak dat wetgewing, beleide en instellings wat uitvoering gee aan die verdragsverpligtinge ten volle befonds word;
- voorsiening te maak vir lewering van dienste wat persone met gestremdhede insluit;
- bewusmaking oor die Konvensie plaasvind;
- professionele persone opleiding oor die Konvensie ontvang;
- navorsing, data-insameling en opnames oor gestremdheidsregte gedoen word;
- navorsing oor en ontwikkeling van toeganklike tegnologie gedoen word; en
- te verseker dat doeltreffende regsmiddele bestaan wanneer die regte van persone met gestremdhede geskend word.

Die Konvensie bepaal in artikel 4(1)(b) dat “alle toepaslike maatreëls” getref moet word om diskriminasie op grond van gestremdheid af te skaf.⁷² Dit sluit die aanneem van wetgewing om bestaande wette, regulasies, gebruike en praktyke wat diskriminasie teen persone met gestremdhede daarstel, te wysig of af te skaf,⁷³ asook om die beskerming en bevordering van menseregte van persone met gestremdhede in alle beleide in ag te neem.⁷⁴

Wanneer hierdie verdragsverpligtinge en die implementeringsmaatreëls wat die spesifieke regte van die Konvensie uiteensit, oorweeg word, is hersiening en regshervorming van onder meer die volgende vir staatspartye moontlik:⁷⁵

- sekere bepalings van die Grondwet;⁷⁶
- Wetgewing oor diskriminasie en regulasies;
- Wetgewing oor voogdy;⁷⁷

- Wetgewing oor straf- en strafprosesreg;⁷⁸
- Onderwyswetgewing en -beleide;⁷⁹
- Gesondheidswetgewing en -beleide;⁸⁰
- Geestesgesondheidswetgewing en -beleide;⁸¹
- Maatskaplike wetgewing en beleide;⁸²
- Arbeidswetgewing en -beleide;⁸³
- Verkiesingswetgewing en -regulasies;⁸⁴
- Wetgewing wat handel met privaatheid en regulasies;
- Immigrasiewetgewing en -beleide;
- Kinderbeskermingswetgewing en -beleide; en
- Intellektuele eiendomswetgewing.

Die meeste regte in die Konvensie (soos reeds genoem), is bestaande menseregte en fundamentele vryhede, waarvan meeste in die Grondwet (Handves van Regte) beskerm word.⁸⁵ Die Konvensie tref egter 'n onderskeid tussen die blote vestiging van 'n reg en die werklike verwesenliking daarvan. Dit word gedoen deur te vereis dat 'n bemagtigende omgewing geskep word deur middel van konkrete en praktiese implementeringsmaatreëls wat nie alleen in artikel 4 omskryf word nie, maar ook in die spesifieke regte wat in artikels 5 tot 30 van die Konvensie omskryf word.⁸⁶ Dit verseker dat persone met gestremdhede se regte verwesenlik word deurdat hulle op 'n gelyke grondslag met ander daardie regte kan geniet.

4. Monitorings- en implementeringsliggame

4.1 Nasionale monitering

Ten einde te verseker dat 'n staatsparty sy verpligtinge nakom, skep die Konvensie ook monitorings- en implementeringsliggame op nasionale en internasionale vlak.⁸⁷ Benewens die vereiste dat Suid-Afrika gereeld verslae aan die VN-Komitee moet voorlê,⁸⁸ moet Suid-Afrika ook fokuspunte, koördineringsmeganismes en onafhanklike implementerings- en monitoringsmeganismes op nasionale vlak skep.⁸⁹ Om hieraan (artikel 33) uitvoering te gee, moet nie alleen reghebbendes, pligdraers en die institusionele raamwerk geïdentifiseer word nie, maar ook wetgewing, en administratiewe en begrotingsmaatreëls vir die implementering van die Konvensie. Dit impliseer ook dat daar doeltreffende regsmiddele beskikbaar moet wees om skendings reg te stel, en wetgewing moet verseker dat howe en ander tribunale bevoeg is om klagtes oor regskendings te ontvang en te bereg.⁹⁰ Dit beteken dat die Konvensie die daargestelling van monitorings- en implementeringsliggame binne toepaslike wetgewing⁹¹ vereis om die implementering te bevorder, te beskerm en te kontroleer.

Die enigste werklike kandidaat as liggaam vir nasionale monitering, is die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie.⁹² Benewens die Menseregtekommissie, kan verdere monitering ook geskied deur:

- kommissies van ondersoek;
- vrae aan ministers en statutêre liggame deur parlementêre komitees;
- monitering deur die Parlement oor die toekenning van begrotings;

- oorsig deur parlementêre portefeuljekomitees en meer spesifieke die portefeuljekomitee oor vroue, jeug en persone met gestremdhede;
- howe en tribunale;
- arbeidsinspekteurs;
- inspekteurs by skole;
- private sektor;
- burgerlike-en gestremdheidsorganisasies; en die
- burgerlike samelewing.

4.2 Verslae van staatspartye en die oorweging daarvan

Soos hier bo en in Deel 2 genoem, moes die Suid-Afrikaanse regering binne twee jaar nadat die Konvensie in werking getree het, sy eerste omvattende verslag by die VN Komitee indien.⁹³ In die verslag⁹⁴ onderskryf Suid-Afrika die algemene verpligtinge (artikel 4) van die Konvensie⁹⁵ en onderneem 'n uitgebreide deelnemende proses om die INDS-Witskrif te hersien en die Konvensie deur die ontwikkeling van transversale gestremdheidswetgewing- en beleid op te neem.⁹⁶

In die verslag erken die regering dat tekortkominge in die staatsbestuursstruktuur, asook kapasiteitsbeperkinge en 'n gebrek aan koördinerende binne die gestremdheidsektor, die stelselmatige benadering tot implementering van die Konvensie benadeel het.⁹⁷ Die regering bevestig egter in die verslag sy verbintenis tot sy nasionale agenda om die regte van persone met gestremdhede binne sy beskikbare middele te verwesenlik, deur onder meer:⁹⁸

- basiese inligting betreffende die bepalinge van die Konvensie te versterk;
- hoofstroom wetgewende en beleidsraamwerk te versterk;
- gerigte en gekoördineerde ingryping op 'n geïntegreerde wyse deur middel van oor-koepelende wetgewing en beleid, met gepaste moniteringsmeganismes, te bewerkstellig;
- die nasionale gestremdheidsregtemasjinerie te versterk deur 'n bemagtigende omgewing vir organisasies van persone met gestremdhede te skep;
- die regering se aanspreeklikheid en kontrolering te versterk deur die invoering van regs-gebaseerde gestremdheidsaanwysers en evalueringstelsels; en
- implementering van beleid en programme wat gemik is om gelyke toegang vir persone met gestremdhede te verseker, te versnel. Dit sluit gestremdheidspesifieke programme in wat hindernisse vir gelyke deelname bewerk.

Die VN Komitee het Suid-Afrika se aanvanklike verslag oorweeg⁹⁹ en die gevolgtrekkings ("concluding observations") op 7 September 2018 aanvaar.¹⁰⁰ Hierin loof die Komitee Suid-Afrika se besluit om wetgewing en beleid na te gaan en dit met die menseregtemodel van gestremdheid in pas te bring.¹⁰¹ Lof word ook toegeswaai vir die omvattende Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede van 2015,¹⁰² wat daarop gemik is om verandering en regstelling tot die volle insluiting, integrasie en gelykheid van persone met gestremdhede te versnel.¹⁰³

Die VN Komitee beveel egter aan dat Suid-Afrika die konsep van gestremdheid in alle wetgewing en beleid harmoniseer om die menseregtemodel van gestremdheid in die Konvensie te reflekteer.¹⁰⁴ Die model fokus op die inherente waardigheid¹⁰⁵ van die mens en nie soseer op die gestremdheid nie, met ander woorde die persoon se mediese eienskappe betreffende gestremdheid word slegs, en indien nodig, betrek.¹⁰⁶ Die model staan in sterk teenstelling met die mediese model van gestremdheid wat steeds in Suid-Afrika se onderwysstelsel en riglyne oor residensiële en/of dagsorgfasiliteite vir persone met geestesongesteldhede en/of ernstige en diepgaande intellektuele gestremdhede, teenwoordig is.¹⁰⁷

Wat betref Suid-Afrika se algemene verpligtinge (artikel 4) tot die Konvensie, herinner die VN Komitee Suid-Afrika aan sy Algemene Kommentaar No. 7 (“General Comment No. 7”) van 2018 oor deelname van persone met gestremdhede by die implementering en monitering van die Konvensie.¹⁰⁸ In dié verband word formele stappe wat doeltreffende en betekenisvolle deelname, konsultasie en ook voldoende begrotingshulpbronne aan persone met gestremdhede en hul organisasies beskikbaarstel, aanbeveel. Die Komitee herinner Suid-Afrika dat die openbare amptenare wat by dié konsultasieprosesse betrokke is, gereeld opleiding oor nie-diskriminasie, waardigheid en respek, asook die reg op billike akkommodasie van persone met gestremdhede, moet ontvang.¹⁰⁹

Vir huidige doeleindes is dit belangrik dat die VN Komitee in sy gevolgtrekkings oor die regte vervat in artikels 5 tot 30 van die Konvensie, sy kommer uitspreek oor die gebrek aan wetgewing.¹¹⁰ Verder beklemtoon die Komitee die behoefte aan wysiging, hersiening en/of herroeping van bestaande wetgewing¹¹¹ om persone met gestremdhede beter te beskerm teen veelvuldige diskriminasie, asook diskriminasie wat verskeie regte skend.¹¹² Wat betref Suid-Afrika se spesifieke verpligting wat in artikels 31 tot 33 vervat is, beveel die Komitee die volgende aan:

- dat persone met gestremdhede en organisasies wat hul verteenwoordig geraadpleeg word om ’n databank vir die insameling van opgedateerde, geordende en toepaslike data oor persone met gestremdhede, te ontwerp. Die databasis moet onder meer inligting oor inkomste, geslag, ouderdom, ras, etnisiteit, migrasie status, gestremdheid, geografiese ligging en ander eienskappe ter sake vir die nasionale konteks versamel.¹¹³ Dataverwerking en ontleding moet gebruik word om beleid te formuleer ten einde die Konvensie te implementeer, wat in Braille, gebaretaal, maklike lees formaat (“Easy Read format”) en elektroniese formaat beskikbaar moet wees.¹¹⁴
- dat stappe gedoen word om fokuspeunte op nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke te versterk ten einde die Konvensie te implementeer;¹¹⁵
- dat die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie as die onafhanklike moniteringsliggaam aangewys word en die toewysing van finansiële hulpbronne daarvoor bespoedig word om hul mandaat uit te voer;¹¹⁶
- dat stappe gedoen word vir die betekenisvolle en doeltreffende raadpleging en deelname van organisasies van persone met gestremdhede oor beleide en aangeleenthede wat hulle raak.¹¹⁷

Die VN Komitee sluit sy slotopmerkings af deur Suid-Afrika te versoek om dringend aandag te skenk aan maatreëls om sy aanbevelings inwerking te stel.¹¹⁸ In dié verband verwys die Komitee spesifiek na sy aanbevelings rakende kinders met gestremdhede en onderwys.¹¹⁹ Die Komitee versoek verder dat sy gevolgtrekkings en slotopmerkings vir oorweging en optrede

aan lede van die regering en parlement, amptenare in die relevante ministeries, die regbank en lede van relevante professionele liggame, soos onderwys-, mediese professie en regsgeleerdes, asook aan plaaslike owerhede, die private sektor en die media beskikbaar gestel word.¹²⁰ So ook moet die gevolgtrekkings en opmerkings wyd versprei word.¹²¹

Wanneer die verdragsverpligting in die eerste omvattende verslag, asook die VN Komitee se gevolgtrekkings en opmerkings nagegaan word, is dit duidelik dat die regering se 2015 Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede,¹²² asook bestaande wetgewing nie aan al die verpligting voldoen nie.

5. Die Suid-Afrikaans Regshervormingskommissie

Soos voorheen genoem, het die Regshervormingskommissie in 2018 'n versoek van die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling ontvang om die inkorporering van die Konvensie oor Gestremdheid in die Suid-Afrikaanse reg te ondersoek. Die Regshervormingskommissie loods sy deurtastende ondersoek en publiseer in Desember 2021 die eerste verslag ("Issue Paper") oor die vraagstukke rondom gestremdheidskwessies.¹²³

Hierna word verskeie moontlikhede oor die wyse waarop Suid-Afrika se verdragsverpligtinge in die nasionale regsraamwerk, ontwikkelingsbeplanning, begroting en verwante beleid neerslag moet vind, oorweeg.¹²⁴ Die langverwagte besprekingsdokument ("discussion paper") wat die finale standpunt oor regshervorming formuleer, is in Oktober 2024 aan die publiek vir kommentaar beskikbaar gestel.¹²⁵ Twee benaderings oor die inkorporering van die Konvensie word hierin oorweeg. Die eerste is om bestaande wetgewing, naamlik die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie van 2000¹²⁶ en die Wet op Billike Werksgeleenthede van 1998,¹²⁷ te wysig. Die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie is ooreenkomstig artikel 9(4) van die Grondwet verorden, ten einde onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.¹²⁸ Die wet het onder meer ten doel om onbillike diskriminasie, haatspraak en teistering op grond van gestremdheid te voorkom, te verbied en uit te skakel.¹²⁹ Verder poog dit om aktief gelykheid vir persone met gestremdhede te bevorder.¹³⁰ Die wet is egter nie op die terrein van die arbeidsreg van toepassing nie, wat deur die Wet op Billike Werksgeleenthede geregleer word. Die hoofdoel van die Wet op Billike Werksgeleenthede is om onbillike diskriminasie te verbied, en gelyke geleenthede en billike behandeling in arbeidsaangeleenthede te bevorder, en voorsiening te maak vir regstellende aksie maatreëls.¹³¹ Artikel 2 van die Wet maak voorsiening vir maatreëls om benadeling wat die aangewese groepe op arbeidsgebied ervaar, uit te skakel en om billike verteenwoordiging in alle beroepskategorieë en op alle vlakke in die werksmag te bevorder.¹³² Die "aangewese groep" mense word deur die Wet op Billike Werksgeleenthede as swart mense, vroue en mense met gestremdhede gedefinieer.¹³³ Nóg die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, nóg die Wet op Billike Werksgeleenthede is gestremdheid-spesifieke wetgewing, en handel gevolglik nie uitsluitlik met kwessies rakende gestremdheid nie.

Soos daar uit die bespreking oor Suid-Afrika se verdragsverpligtinge in Deel 3 (asook Deel 4.2) en die Regshervormingskommissie se ondersoek blyk, is daar egter 'n duidelike behoefte aan 'n alternatiewe benadering om die verdragsverpligtinge van die Konvensie in nasionale wetgewing op te neem.¹³⁴

Die besprekingsdokument stel 'n nuwe wet voor wat 'n raamwerk ("Framework Act") vir die implementering van die Konvensie skep. Dit beteken dat die Regshervormingskommissie in hul finale standpunt tot die gevolgtrekking gekom het dat 'n konsepwetsontwerp die volle nakoming van die Konvensie beter sal verseker.¹³⁵

Om die regshervormingproses te bespoedig, stel die Regshervormingskommissie 'n Konsepwetsontwerp vir beraadslaging en kommentaar voor. Dit word as Bylaag tot die besprekingsdokument vir openbare kommentaar aangeheg. Verder voorsien die Regshervormingskommissie ook dat sektor-spesifieke regshervorming benodig sal word om verdere uitvoering aan die Konvensie te gee.¹³⁶ In die Bylae tot die Konsepwetsontwerp word wetgewing gelys wat moontlik hierdeur geraak word.¹³⁷

Die voorgestelde pragmatiese benadering verhinder moontlik die risiko dat slegs sekere verpligtinge van die Konvensie nagekom word ten koste van ander, soos dikwels die geval is met 'n stuksgewyse benadering waar *ad hoc*-wysigings aan wetgewing potensiële teenstrydighede kan veroorsaak.¹³⁸

Om verdere vertraging in die implementering van die nuwe Konsepwetsontwerp te verminder,¹³⁹ beveel die regshervormingskommissie aan dat aansoek betreffende sosio-ekonomiese impakstudies parallel met die konsultasieproses oor die Konsepwetsontwerp moet plaasvind.¹⁴⁰

6. Voorgestelde Konsepwetsontwerp oor die Bevordering van Gelykheid en Beskerming teen Diskriminasie van Persone met Gestremdhede van 2024/5

Die doel van dié Konsepwetsontwerp is om 'n wetlike raamwerk vir die inwerkingstelling van die Konvensie te skep. Hierin word persone met gestremdhede as reghebbendes beskerm, hul regte bevorder en pligdraers se wetlike verpligtinge uiteengesit.¹⁴¹ Aangesien die Konvensie grondwetlike regte weerspieël, sal hierdie benadering omvattend uitvoering gee aan die bevordering van alle menseregte en fundamentele vryhede van persone met gestremdhede, terwyl dit ook beskerming bied teen enige skending van hul regte.¹⁴²

Die beoogde wet verskaf 'n basis waarop verdere wetgewing en/of wysigings aan bestaande wetgewing (asook beleide, regulasies, kodes, riglyne, ens.) in sektore soos gesondheidsorg, onderwys, arbeid, sport en kultuur oorweeg en gebaseer kan word.¹⁴³ Die oogmerk hiervan is dat wetgewing die radikale paradigmaskuif wat die Konvensie genoodsaak het om "alle diskriminasie op grond van gestremdheid te verbied ... en gelyke en doeltreffende regsbeskerming te waarborg", te erken.¹⁴⁴

In dié verband is dit belangrik om daarop te let dat die Konvensie "alle" vorme van diskriminasie verbied,¹⁴⁵ en nie alleen "onbillike" diskriminasie soos in artikel 9 van die Grondwet omskryf nie.¹⁴⁶ Om hierdie rede behoort diskriminasie op grond van gestremdheid in die Konsepwetsontwerp die definisie daarvan in die Konvensie te weerspieël.¹⁴⁷ Dit bepaal dat diskriminasie op grond van gestremdheid enige onderskeid, uitsluiting of beperking gebaseer op gestremdheid wat die doel of uitwerking het om die erkenning, genot of uitoefening, op gelyke grondslag met ander, van alle menseregte en fundamentele vryhede in die politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele, burgerlike of enige ander veld te weeg bring, beteken.

Die voorgestelde Konsepwetsontwerp oor die bevordering van gelykheid en beskerming teen diskriminasie van persone met gestremdhede, bestaan uit vier hoofstukke en 'n Bylaag. Die eerste hoofstuk handel met definisies, asook met die doel, interpretasie en toepassing van die voorgestelde wet. Die doel is om benewens uitvoering aan die regte en verpligtinge kragtens die Grondwet, ook uitvoering aan die verpligtinge van Suid-Afrika kragtens die Konvensie en die Opsionele Protokol te gee. Inwerkingstelling van die Konvensie beteken dat bepaalde beginsels vir die beskerming en bevordering van die regte van mense met gestremdhede bevorder en beskerm moet word. Hierdie beginsels, in pas met die Konvensie, sal respek verseker vir inherente waardigheid,¹⁴⁸ individuele outonomie, vryheid om keuses te maak en onafhanklik te wees;¹⁴⁹ effektiewe deelname en insluiting van persone met gestremdhede in die samelewing;¹⁵⁰ gelykheid van geleenthede en die volle en gelyke genot van alle regte en vryhede;¹⁵¹ beskerming teen diskriminasie gebaseer op gestremdheid;¹⁵² erkenning en respek vir diversiteit en aanvaarding van persone met gestremdhede as mense;¹⁵³ erkenning en respek vir die ontwikkelende vermoëns van kinders met gestremdhede en hul identiteit;¹⁵⁴ toegang tot goedere, dienste, fasiliteite, toerusting, inligting en tegnologie;¹⁵⁵ redelike akkommodasie en regstellende maatreëls om uitvoering te gee,¹⁵⁶ insluit.

Die voorgestelde Konsepwetsontwerp bind die staat, natuurlike en regspersone binne bepaalde kontekste. Dit beteken dat dié Konsepwetsontwerp vertikale en horisontale werking het. Vertikale toepassing beteken dat die staat en al sy organe¹⁵⁷ deur die Konsepwetsontwerp gebind word, oftewel verpligtinge dra om die regte van persone met gestremdhede te verwesenlik. Die Konsepwetsontwerp het ook horisontale werking wat bepaal dat ook natuurlike of regspersone, nie teen persone met gestremdhede op enige gronde, soos in die wet omskryf, mag diskrimineer nie.

Die tweede hoofstuk van die Konsepwetsontwerp handel met die bevordering van gelykheid en waardigheid van persone met gestremdhede. Hierin word in meer besonderhede met die volgende substantiewe regte van persone met gestremdhede gehandel: gelykheid en waardigheid; toegang tot die reg; regsbevoegdheid; redelike akkommodasie; noodsaaklike akkommodasie; toeganklikheid; hindernisse; ouer persone, vroue en kinders; gemeenskappe; vryheid van uitdrukking en kommunikasie; onderwys; gesondheid; verblyf en rehabilitasie; vryheid van uitbuiting, geweld en mishandeling; werk; sosio-ekonomiese regte; politieke regte; kultuur; openbare bewustheid; internasionale samewerking; belastingverligting, aansporings en toelaes.

Die derde hoofstuk omskryf die beskerming van persone met gestremdhede en die verbod op diskriminasie. Die laaste hoofstuk, hoofstuk vier, bestaan uit algemene bepalings met betrekking tot regulasies, kodes vir goeie praktyk, geskilbeslegting, bewyslas, oortredings, die Opsionele Protokol, monitering, implementering, herroeping van wette, oorgangsreëlings, kort titel en inwerkingtreding.¹⁵⁸

Soos voorheen in deel 4 genoem, skep die Konvensie internasionale en nasionale instellings om die implementering van die Konvensie te monitor. Op nasionale vlak is dit regeringsfokuspeunte, koördineringsmeganismes en onafhanklike implementering- en moniteringsmeganismes.¹⁵⁹ Ten einde aan die verpligting te voldoen, skep die Konsepwetsontwerp 'n Kantoor of Eenheid ("Equal Opportunities Office") in die Departement van Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede om klagtes van persone met gestremdhede en hul verteenwoordigers te ontvang, en dit na die toepaslike owerhede vir beregting te verwys. Verder word die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie aangewys om alle fasiliteite en programme wat ontwerp is om persone met gestremdhede te dien, doeltreffend te monitor, ten einde alle vorme van uitbuiting, geweld, diskriminasie en mishandeling van persone met gestremdhede te voorkom.

7. Afsluiting

Ten slotte, Suid-Afrika het aanvanklik aansienlike vordering gemaak in die bevordering van die regte van persone met gestremdhede. Vanaf die totstandkoming van die OSDP en die aanvaarding van die INDS in die 1990's, tot die bekragtiging van die Konvensie oor Gestremdheid en die ontwikkeling van die 2015 Witskrif, het die regering 'n verbintenis tot gestremdheid-inklusiewe ontwikkeling getoon. Daar bly egter uitdagings om die regte van persone met gestremdhede ten volle te verwesenlik, en die Konvensie oor Gestremdheid te implementeer en monitor. Die voorgestelde konsepwetsontwerp deur die Regshervormingskommissie verteenwoordig 'n beduidende stap om te verseker dat Suid-Afrika se regstelsel strook met internasionale standaarde soos uiteengesit in die Konvensie, en dat die regte van persone met gestremdhede ten volle beskerm en verwesenlik word. Die benadering sal moontlik die langverwagte proses om die Konvensie kragtens artikel 231 van die Grondwet in nasionale wetgewing op te neem (ten einde regskrag in die Republiek te verkry), bespoedig. Voortgesette pogings word egter vereis om nasionale moniteringsmeganismes te versterk, koördinasie oor inwerkingstelling te verbeter en die volle insluiting van persone met gestremdhede in alle aspekte van die samelewing te verseker.

Bibliografie

- CRDP. 2006. Convention on the Rights of Persons with Disabilities (CRPD) en sy Opsionele Protokol aangeneem deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies op 13 Desember 2006 by Resolusie A/RES/61/10624.
- . 2015. Initial Report of South Africa, 26 November 2015, UN Doc CRPD/C/ZAF/1. 2015.
- . 2018. Concluding Observations on South Africa's Initial Report, 23 Oktober 2018, UN Doc CRPD/C/ZAF/CO/1. 2018.
- Grobbelaar-du Plessis, I. 2010. Gestremdheidsreg: 'n internasionaalregtelike en regsvergelykende analise. LLD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- . 2023. Country report: South Africa. *African Disability Rights Yearbook*, (11):115–45.
- Grobbelaar-du Plessis, I. en C. Grobler. 2013. Country report: South Africa. *African Disability Rights Yearbook*, (1):307–40.
- Grobbelaar-du Plessis, I. en T. van Reenen. 2011. *Aspects of disability law in Africa*. Pretoria: Pretoria University Law Press (PULP).
- Grobbelaar-du Plessis, I. en S. Van Eck. 2011. Protection of disabled employees in South Africa: An analysis of the Constitution and Labour Legislation. In Grobbelaar-du Plessis en Van Reenen (reds.) 2011.
- Lawson, A. en A.E. Beckett. 2020. The social and human rights models of disability: towards a complementarity thesis. *The International Journal of Human Rights*, 25(2):348–79.

Malan, K. en I. Grobbelaar-du Plessis. 2022. *Studente-inleiding tot die Konstitusionele reg*. Pretoria: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK).

Matsebula, S., M. Schneider en B. Watermeyer. 2006. Integrating disability within government: the Office on the Status of Disabled Persons. In Watermeyer, Swartz, Lorenzo, Schneider en Priestly (reds.) 2006.

National Planning Commission of South Africa. 2012. Our future – make it work. National Development Plan: Vision 2030, Maart 2012.

OHCHR. United Nations Human Rights Office of the High Commissioner. Status of Ratification. Status of Ratification Interactive Dashboard. <https://indicators.ohchr.org> (26 Augustus 2024 geraadpleeg).

Parliamentary Monitoring Group. 2007. Convention on Rights of Persons with disabilities: briefing by the Office on Status of Disabled Persons & Department of Foreign Affairs. <http://www.pmg.org.za/minutes/20070524-convention-rights-persons-disabilities-briefing-office-status-disabled-persons-depa> (27 Augustus 2024 geraadpleeg).

—. 2008. State of Nation Address: Office on the Status of Disabled Persons briefing. <https://pmg.org.za/committee-meeting/8893/> (20 September 2024 geraadpleeg).

—. 2002. Report to the joint monitoring committee on the status and quality of life of children, youth and persons with disabilities. <https://static.pmg.org.za/docs/2002/appendices/020918history.htm> (20 September 2024 geraadpleeg).

Quinn, G. en T. Degener (reds.) 2002. Human rights and disability: The current use and future potential of United Nations human rights instruments in the context of disability. *Verenigde Nasies*. <https://www.ohchr.org/sites/default/files/Documents/Publications/HRDisabilityen.pdf>.

—. 2002. The moral authority for change: human rights values and the world wide process of disability reform. In Quinn en Degener (reds.) 2002.

SAHRC. Human Rights and Persons with Disabilities. <https://www.sahrc.org.za/home/21/files/FINAL%20Human%20Rights%20and%20Persons%20with%20Disabilities%20Educational%20Booklet.pdf>.

—. South African Human Rights Commission Research Brief on Disability and Equality in South Africa 2013 – 2017. <https://www.sahrc.org.za/home/21/files/RESEARCH%20BRIEF%20ON%20DISABILITY%20AND%20EQUALITY%20IN%20SOUTH%20AFRICA%202013%20to%202017.pdf>.

SALRC. 2021. South African Law Reform Commission, Issue Paper: No. 39, Project 148. Domestication of the United Nations Convention on the Rights of Persons with Disabilities, 9 Desember 2021.

—. 2024. South African Law Reform Commission, Discussion Paper: No. 163, Project 148. Domestication of the United Nations Convention on the Rights of Persons with Disabilities, 1 Oktober 2024.

Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities wat aangeneem deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies op 20 Desember 1993 by Resolusie 48/96.

South African Government. 2009. Statement by President Jacob Zuma on the appointment of the new cabinet. <https://www.gov.za/news/speeches/statement-president-jacob-zuma-appointment-new-cabinet-10-may-2009>.

Transforming our world: the 2030. Agenda for Sustainable Development (SDGs) resolusie A/Res/70/1 aangeneem deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies op 25 September 2015.

Verenigde Nasies. 2007. From Exclusion to Equality: Realizing the Right of Persons with Disabilities. Handbook for Parliamentarians on the Convention on the Rights of Persons with Disabilities and its Optional Protocol. *UN-DESA, OHCHR en IPU*. <https://www.ohchr.org/sites/default/files/training14en.pdf>.

—. 2014. The Convention on the Rights of Persons with Disabilities Training Guide Professional Training Series No.19. *Verenigde Nasies Publikasie*. https://www.ohchr.org/sites/default/files/Documents/Publications/CRPD_TrainingGuide_PTS19_EN_Accessible.pdf.

Watermeyer, B., L. Swartz, T. Lorenzo, T., M. Schneider en M. Priestly (reds) 2006. *Disability and social change: A South African agenda*. Kaapstad: HSRC Drukkers.

Witskrif. 1997. Integrated National Disability Strategy (INDS). Office of the Deputy President. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/disability2.pdf.

WPRDP. 2015. On the Rights of Persons with Disabilities deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling goedgekeur deur die Kabinet, 9 Desember 2015.

World Programme of Action concerning Disabled Persons. 1982. Aangeneem deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies op 3 Desember 1982 by Resolusie 37/52.

Eindnotas

¹ Verenigde Nasies (2007). Voorwoord III.

² Aangeneem deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies op 13 Desember 2006 deur Resolusie A/RES/61/10624.

³ *Ibid.*

⁴ Aanhef parr. (j), (m), (y) en artt. 1 en 4 van die Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede (die Konvensie).

⁵ Artt. 1, 3, 4, 5 tot 30 van die Konvensie.

⁶ OHCHR Status of Ratification Interactive Dashboard (2024). Die rede vir die spoedige ondertekening en bekragtiging deur Suid-Afrika word soos volg deur Louise Graham, adjunkdirekteur, van die Departement van Buitelandse Sake gegee: “The reasons for South Africa to be amongst the first of the countries to sign related both to political imperatives and the fact that South Africa had been involved with the drafting of the protocol from the beginning and was involved in the advocacy initiative for it even before the United Nations started the process of drafting a formal international treaty”. Parliamentary Monitoring Group (2007).

⁷ Art. 231 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (die Grondwet); Aanhef en art. 4 van die Konvensie; en Verenigde Nasies (2007:7).

⁸ Art. 9(3) van die Grondwet; Grobbelaar-du Plessis en Van Eck (2011:236–47); Grobbelaar-du Plessis (2010:444–66); Grobbelaar-du Plessis en Grobler (2013:307–40); en Grobbelaar-du Plessis (2023:115–45).

⁹ Raadpleeg hfst. 6 van SALRC Issue Paper (2021) wat die Suid-Afrikaanse posisie oor wetgewing wat persone met gestremdhede raak uiteen si; en Grobbelaar-du Plessis (2010:466–523).

¹⁰ CRPD (2015: par. 56); Verenigde Nasies (2007:4); Verenigde Nasies (2014:22, 25); WPRPD (2015:10, 20, 35, 39, 46, 81); SAHRC Human Rights and Persons with Disabilities 2, 3); SAHRC (2013–2017: 6, 9, 10, 13–17, 21); *Damons v City of Cape Town* CCT 278/20 2022 ZACC 13; 2022 7 BLLR 585 (KH); 2022 43 ILJ 1549 (KH); 2022 10 BCLR 1202 (KH) parr. 80 82 85 86 93 en 96; *MEC for Education: Kwazulu-Natal v Pillay* 2008 1 SA 474 (KH) par. 73.

¹¹ Verenigde Nasies (2007:4).

¹² CRPD (2015).

¹³ CRPD (2018).

¹⁴ *Damons v City of Cape Town* CCT 278/20 2022 ZACC 13 par. 12; SAHRC (2013 – 2017: 6); WPRPD (2015:6–9); SAHRC Human Rights and Persons with Disabilities 1.

¹⁵ Aanhef par. (e) en art. 1 van die Konvensie; Verenigde Nasies (2014:17, 25).

¹⁶ Verenigde Nasies (2007:13).

¹⁷ White Paper (1997) (INDS Witskrif).

¹⁸ Matsebula, Schneider en Watermeyer (2006:88).

¹⁹ Parliamentary Monitoring Group (2008).

²⁰ INDS Witskrif.

²¹ Parliamentary Monitoring Group (2002).

²² Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities (1993).

²³ World Programme of Action concerning Disabled Persons (1982).

²⁴ Lawson en Beckett (2020:348–79). Volgens die mediese model van gestremdheid, word gestremdheid gesien as 'n gebrek of 'n siekte, wat deur mediese ingryping genees moet word. Die sosiale model van gestremdheid daarteenoor definieer gestremdheid as die interaksie tussen die omgewing waarin die persoon met gestremdheid leef en die persoon self. Die sosiale model van gestremdheid beklemtoon dat persone met gestremdhede verhoed word om hul volle potensiaal te bereik, nie as gevolg van tekortkominge nie, maar as gevolg van die samelewing se houding, asook wetlike, argitektoniese, kommunikasie- en ander diskriminerende hindernisse. Die model van gestremdheid, onderskryf 'n reggebaseerde benadering.

²⁵ Witskrif (INDS)(1997.) Uitvoerende Opsomming. Persone met gestremdhede was betrokke in die opstel van die INDS. Gestremdes se betrokkenheid het daartoe bygedra dat die INDS die mees progressiewe benadering tot konseptualisering van gestremdheid beliggaam het. Dit het beteken dat die INDS die mediese model van gestremdheid uitdruklik verwerp het.

²⁶ Voorwoord van die Witskrif (1997).

²⁷ Matsebula, Schneider en Watermeyer (2006:88). Wat betref die omstandighede van die OSDP verklaar die skrywers 90 soos volg: “At the time of writing, the situation of the OSDP within the Presidency is challenging in the sense that commitment to, and understanding of, disability integration is not shared by all levels of staff [...] The result is that the OSDP must continuously reassert its position that a multi-sectoral vision is essential to protection and promotion of the rights of disabled people, and that it is essential that disability issues remain a focus within the work of the President’s Office.”

²⁸ Parliamentary Monitoring Group (2008).

²⁹ Parliamentary Monitoring Group (2007).

³⁰ Aangeneem deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies op 13 Desember 2006 deur Resolusie A/RES/61/10624.

³¹ Sien vn. 5 hier bo.

³² OHCHR Status of Ratification Interactive Dashboard (2024).

³³ Art. 45(1) van die Konvensie; OHCHR Status of Ratification Interactive Dashboard (2024).

³⁴ Die samestelling en oprigting van die Komitee word in art. 34 van die Konvensie uiteengesit en art. 35 bepaal dat “[e]ach State Party shall submit to the Committee, through the Secretary-General of the United Nations, a comprehensive report on measures taken to give effect to its obligations.”

³⁵ CRPD (2015).

³⁶ Artt. 34 en 35 van die Konvensie.

³⁷ South African Government (2009).

³⁸ CRPD (2015: par. 15).

³⁹ Artt. 34 en 35 van die Konvensie.

⁴⁰ Art. 35(1) van die Konvensie bepaal: “Each State Party shall submit to the Committee, through the Secretary-General of the United Nations, a comprehensive report on measures taken to give effect to its obligations under the present Convention and on the progress made in that regard, within two years after the entry into force of the present Convention for the State Party concerned”.

⁴¹ CRPD (2015).

⁴² WPRPD (2015).

⁴³ Transforming our world: the 2030 Agenda for Sustainable Development (SDGs) (2015).

⁴⁴ National Development Plan: Vision 2030 (2012).

⁴⁵ Voorwoord tot die WPRPD (2015).

⁴⁶ WPRDP (2015:48–123). “The strategic pillars are: removing barriers to access and participation; protecting the rights of persons at risk of compounded marginalization; supporting sustainable integrated community life; promoting and supporting the empowerment of children, women, youth and persons with disabilities; reducing economic vulnerability and releasing human capital; strengthening the representative voice of persons with disabilities; building a disability equitable state machinery; promoting International Co-operation; and monitoring and evaluation.”

⁴⁷ CRPD (2018).

⁴⁸ CRPD (2018: parr. III A tot C).

⁴⁹ *Glenister v President of the Republic of South Africa* CCT48/10 2011 ZACC 6 par. 92.

⁵⁰ Mandaat vir ondersoek SALRC Issue Paper (2021:xiii); en Agtergrond tot die ondersoek SALRC (2024:iv).

⁵¹ As deel van die openbare deelnameproses, vra die verslag vir kommentaar oor die kwessies in die verslag ten einde die omvang van die regshervorming te bepaal.

⁵² SALRC (2021).

⁵³ SALRC (2024).

⁵⁴ VN Komitee verduidelik in sy “General Comment No. 6 on equality and non-discrimination CRPD/C/GC/6 par. 10” die begrip formele en substantiewe gelykheid en verduidelik dat gelykheid van geleentheid “marks a significant development from a formal model of equality to a substantive model of equality”; Verenigde Nasies (2007:4).

⁵⁵ Artt. 5 tot 30 van die Konvensie.

⁵⁶ Art. 4 van die Konvensie oor Gestremdheid handel oor algemene verpligtinge van staatspartye.

⁵⁷ OHCHR Status of Ratification Interactive Dashboard (2024).

⁵⁸ Artt. 2 (1) (d) en 19–23, Weense Konvensie van die Verdrae 1969.

⁵⁹ Art. 4 van die Konvensie.

⁶⁰ Art. 4 (1)(a) van die Konvensie.

⁶¹ Art. 4 (1)(b) van die Konvensie.

⁶² Art. 4(1)(c) van die Konvensie.

⁶³ Art. 4(1)(d) van die Konvensie.

⁶⁴ Art. 4(1)(e) van die Konvensie.

⁶⁵ Art. 2 van die Konvensie.

⁶⁶ Art. 4(1)(f) van die Konvensie, bepaal dat dit so ontwerp behoort te wees dat hulle die minimum aanpassing en laagste koste vereis om aan die spesifieke behoeftes van persone met gestremdhede te voldoen. Verder moet die beskikbaarheid en gebruik van hierdie goedere en dienste bevorder word, asook die integrasie van universele ontwerp in die ontwikkeling van standaarde en riglyne.

⁶⁷ Art. 4(1)(g) van die Konvensie.

⁶⁸ Art. 4(1)(h) van die Konvensie.

⁶⁹ Art. 4(1)(i) van die Konvensie.

⁷⁰ Verenigde Nasies (2014):55.

⁷¹ Verenigde Nasies (2014):55–56.

⁷² Art. 4(1)(b) van die Konvensie.

⁷³ Art. 4(1)(b) van die Konvensie.

⁷⁴ Art. 4(1)(c) van die Konvensie.

⁷⁵ Raadpleeg Suid-Afrika se aanvanklike verslag aan die VN Komitee by CRPD (2015) en die aanbevelings die VN Komitee by CRPD (2018); Verenigde Nasies (2014:59).

⁷⁶ Suid-Afrika net sowel die Konvensie as sy Opsionele Protokol sonder enige voorbehoude bekragtig. Raadpleeg die OHCHR Status of Ratification Interactive Dashboard (2024); CRPD (2015: par. 340), waar Suid-Afrika rapporteer dat sekere bepalinge van die Grondwet hersien moet word. Raadpleeg ook art. 39 van die Grondwet gelees met CRPD (2015: parrs 401 en 406; CRPD (2018 parr. 39(a) en 39(a)).

⁷⁷ CRPD (2018: parr. 22(a) en (b)); CRPD (2015: parr. 124 en 125).

⁷⁸ CRPD (2015: parr. 125, 127, 129, 130, 131, 139, 158, 159, 190, 195 en 371(2)); CRPD (2018: parr. 9(b), 11(a), 22(a), 23(a), 23(b), 27(a), 30(a) en 31(a)).

⁷⁹ CRPD (2015: parr. 2, 21, 4–6, 54, 80, 132, 152, 198–260, 308 en 337); CRPD (2018: parr. 4, 32, 33, 40 en 41, 57 en 58).

⁸⁰ CRPD (2015: parr. 4, 36, 65, 71, 81, 92, 125, 138, 139, 149, 151, 166, 177, 178, 196, 229, 230, 261–276, 278, 279, 281, 283, 284, 344, 371, 375, 377 en 382); CRPD (2018: parr. 10, 11, 22, 31, 42 en 43).

⁸¹ CRPD (2015: parr. 120, 122, 124, 125, 136, 137, 139, 140, 141, 146, 147, 148, 149, 168, 175, 197, 262, 265, 267, 270, 276, 333, 339, 371 en 375); CRPD (2018: parr. 22, 26, 27 en 31).

⁸² CRPD (2015: parr. 24, 81, 151, 153, 156, 165, 171, 172, 191, 193, 194, 268, 277, 278, 285, 297, 299, 300, 311, 314, 315, 316, 317, 318, 325, 344, 348, 375, 382 en 389); CRPD (2018: parr. 23, 46 en 47).

⁸³ CRPD (2015: parr. 50, 65, 127, 180, 288, 289, 290, 295, 298, 306–308, 315, 344 en 375; CRPD (2018: parr. 44 en 45).

⁸⁴ CRPD (2015: parr. 330–41).

⁸⁵ Suid-Afrika maak hiervan melding in sy aanvanklike verslag CRPD (2015), maar die VN Komitee wys Suid-Afrika op die gebrek aan gestremdheid-spesifieke wetgewing wat persone met gestremdhede teen veelvuldige diskriminasie, asook diskriminasie wat verskeie regte skend, beskerm in sy gevolgtrekkings by CRPD (2018: par. 8).

⁸⁶ Artt. 3, 4 en 5 tot 30 van die Konvensie.

⁸⁷ Art. 34 van die Konvensie.

⁸⁸ *Ibid.*

⁸⁹ Art. 33 van die Konvensie.

⁹⁰ Verenigde Nasies (2014:61–2).

⁹¹ Art. 33 van die Konvensie, Verenigde Nasies (2007):56–7.

⁹² Artt. 181(1)(b) en 184 van die Grondwet.

⁹³ Die samestelling en oprigting van die Komitee word in art. 34 van die Konvensie uiteengesit en art. 35 bepaal dat “[e]ach State Party shall submit to the Committee, through the Secretary-General of the United Nations, a comprehensive report on measures taken to give effect to its obligations [...]”

⁹⁴ CRPD (2015).

⁹⁵ CRPD (2015: par. 32).

⁹⁶ CRPD (2015: par. 25).

⁹⁷ CRPD (2015: par. 414).

⁹⁸ CRPD (2015: par. 416).

⁹⁹ CRPD (2015).

¹⁰⁰ CRPD (2018).

¹⁰¹ CRPD (2018: par. 3(c)).

¹⁰² WPRPD (2015).

¹⁰³ CRPD (2018: par. 3(c)).

¹⁰⁴ CRPD (2018: par. 5).

¹⁰⁵ Artt. 1, 7, 10, 36, 39, 165, 181 en 196 van die Grondwet; *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (KH) 144; *Ferreira v Levin* 1996 1 SA 984 (KH), 1996 4 BCLR 1; *Prinsloo v Van der Linde* 1997 3 SA 1012 (KH), 1997 BCLR 759; *W.H. Bosch v Minister of Safety and Security & Minister of Public Works* Case no. 25/20059).

¹⁰⁶ Volgens die model staan die individu as persoon sentraal in alle besluite wat hom/haar raak en die gestremdheid as “hoof probleem” word buite die persoon in die samelewing geplaas. Quinn en Degener (2002:13, 14); Lawson en Beckett (2020: 348–79).

¹⁰⁷ CRPD (2018: par. 4).

¹⁰⁸ CRPD (2018).

¹⁰⁹ CRPD (2018: par. 7).

¹¹⁰ CRPD (2018: III. A tot Z).

¹¹¹ CRPD (2018: parr. 13(b), 23(a), 26(a), 27(c), 33(a), 38(a) en 41(d)).

¹¹² CRPD (2018: parr. 8(c), 9(b), 10(b), 11(a), 12(a), 13(a) en (b), 17(a) en (c); 22(a), 23(a), 27(a), 30(a) en 31(a)).

¹¹³ CRPD (2018: par. 51(a) en (b)); Teiken 17.18 van die SDGs.

¹¹⁴ CRPD (2018: par. 51(a) tot (c)); art. 31 van die Konvensie.

¹¹⁵ CRPD (2018: par. 55(a)); art. 33 van die Konvensie.

¹¹⁶ CRPD (2018: par. 55(b)); art. 33 van die Konvensie.

¹¹⁷ CRPD (2018: par. 55(c)); art. 33 van die Konvensie.

¹¹⁸ CRPD (2018: parr. 57–61).

¹¹⁹ CRPD (2018: parr. 57, 15 (b) (kinders met gestremdhede) en 42 (b) (onderwys)).

¹²⁰ CRPD (2018: par. 58).

¹²¹ CRPD (2018: parr. 59 en 60).

¹²² WPRPD (2015).

¹²³ SALRC (2021). As deel van die openbare deelnameproses, vra die verslag vir kommentaar oor die kwessies in die verslag ten einde die omvang van die regshervorming te bepaal.

¹²⁴ Mandaat van die SALRC (2024: ix).

¹²⁵ SALRC (2024).

¹²⁶ Wet 4 van 2000.

¹²⁷ Wet 55 van 1998.

¹²⁸ Vir 'n bespreking van gelykheid en art. 9 van die Grondwet, sien Grobbelaar-du Plessis en Van Eck (2011:239–47).

¹²⁹ Art. 9 van Wet 4 van 2000.

¹³⁰ Grobbelaar-du Plessis (2010:467–525).

¹³¹ Art. 2 Wet 55 van 1998.

¹³² *Ibid...*

¹³³ Art. 1 van Wet 55 van 1998.

¹³⁴ SALRC (2024: ix en par. 1.12).

¹³⁵ SALRC (2024; en sy mandaat in par. 5.38).

¹³⁶ SALRC (2024: ix, parr. 1.13, 1.17. en 5.15).

¹³⁷ SALRC (2024: par. 1.17).

¹³⁸ SALRC (2024: mandaat).

¹³⁹ SALRC (2024: par. 5.43).

¹⁴⁰ SALRC (2024: par. 5.44).

¹⁴¹ SALRC (2024: par. 1.16) en konsepwetsontwerp aangeheg tot die besprekingsdokument.

¹⁴² SALRC (2024: par. 5.38).

¹⁴³ SALRC (2024: par. 5.40).

¹⁴⁴ Artt. 2 en 5 van die Konvensie.

¹⁴⁵ *Ibid*; die VN Komitee verduidelik in sy General Comment No. 6 on equality and non-discrimination CRPD/C/GC/6 parr. 10, 18, 64 en 70 dat dit direkte en indirekte diskriminasie insluit; CRPD (2015: par. 42–56).

¹⁴⁶ SALRC (2024: par. 5.41). Nie een keer word die woord “onbillike” in die Konvensie gebruik nie, vgl. artt. 2 en 5 van die Konvensie.

¹⁴⁷ Art. 2 van die Konvensie.

¹⁴⁸ Aanhef tot die Konvensie en o.m. artt. 1, 3, 8, 16, 24 en 25 van die Konvensie.

- ¹⁴⁹ Aanhef tot die Konvensie en o.m. artt. 3, 16, 19, 20, 21, 25 en 29 van die Konvensie.
- ¹⁵⁰ Aanhef tot die Konvensie en o.m. artt. 1, 3, 19, 24, 26, 29 en 30 van die Konvensie.
- ¹⁵¹ Aanhef tot die Konvensie en o.m. art. 27 van die Konvensie.
- ¹⁵² Aanhef tot die Konvensie en o.m. artt. 23, 4, 5, 6, 23, 24, 25, 27, 28 en 29 van die Konvensie.
- ¹⁵³ Art. 3 van die Konvensie.
- ¹⁵⁴ Aanhef van die Konvensie en o.m. artt. 3, 4, 7, 8, 18, 23, 24, 25 en 30 van die Konvensie.
- ¹⁵⁵ Aanhef tot die Konvensie en o.m. artt. 3, 9 en 31 van die Konvensie.
- ¹⁵⁶ Artt. 2, 5, 13, 14, 24, 25 en 27 van die Konvensie.
- ¹⁵⁷ Art. 239 van die Grondwet; Malan en Grobbelaar-du Plessis (2022:286–99).
- ¹⁵⁸ SALRC (2024: par. 1.16).
- ¹⁵⁹ Art. 33 van die Konvensie.